



KRUGER

Internasionaal

Die Aftree- & Belegging-spesialiste

DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die tweede verslag vanjaar.

Politiek

- Die Russe het 'n spiksplinternuwe president en 'n gewese president as premier. Volgens internasionale kommentators dui dit op stabiliteit en sal dit positief wees vir voortgesette beleggings en ekonomiese groei.
- In Europa is verskeie regerings onder druk, maar het dit nie tans 'n negatiewe impak op ekonomiese groei nie.
- In Afrika en die Midde-Ooste duur die onrustigheid voort met negatiewe implikasies vir investering en ekonomiese groei – veral in Afrika.
- Die Zimbabwe inflasiekoers bereik die een hoogtepunt na die ander en staan tans op meer as 100,000%. In hierdie “stabiele” omgewing word teen die einde Maart verkiesing gehou nadat daar blykbaar stilswyend ooreenkomste tussen die verskillende partye bereik is. Vriendelike buitelandse waarnemers sal genooi word om die verkiesing dop te hou en daar kan seker nou reeds aanvaar word dat die verkiesing sonder enige onreëlmatighede sal plaasvind.
- Tans is oud-president Clinton nog nie seker of die Withuis se roostuin tot sy beskikking sal wees vanaf begin 2009 nie.
- Die plaaslike politieke toneel is tans baie rustig met die graanboere en vakbonde wat gesus word met goeie toesprake. Die minister van landbou is egter bietjie onrustig omdat daar volgens hofuitsprake nie meer landbougrond in die RSA bestaan nie en sy dalk nie meer 'n potefeulje het nie.

Internasionaal

- Die wêreld finansiële en kommoditeitstoneel word tans deur onstabiliteit oorheers. Die probleem wat sy oorsprong by die VSA sub-prima huismark het, het finansiële instellings in feitlik alle ontwikkelde lande geraak. Dit het tot gevolg gehad dat kredietverlening eintlik tot stilstand gekom het nieteenstaande die sterk verlaging van amptelike VSA rentekoerse.
- Die probleme wat tans met kredietverlening en finansiële instellings in die algemeen ervaar word, dui daarop dat ekonomiese groei sterk kan verlangsaam. Die risiko dat die VSA ekonomie vanjaar twee opeenvolgende kwartale negatiewe groei en dus 'n resessie sal ervaar, word al hoe groter.

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV



KRUGER

Internasionaal

Die Aftree- & Belegging-spesialiste

Weens die voortdurende ineenskakeling van die wêrelddekkonomie sal die res van die wêreld nie imuun wees teen 'n VSA resessie nie. VSA ekonomiese groei kan vanjaar tot 1.5% verlangsaam terwyl die VK groei tot minder as 2% en Euroland se groei tot 1.7% kan verlangsaam. Japan ervaar reeds die negatiewe impak van stadiger VSA groei en die invloed wat dit op uitvoere het. Die Chinese ekonomiese groei kan tot 9.9% verlangsaam, terwyl Indië teen 8% kan groei. Groei van die wêrelddekkonomie kan van sowat 5% in 2007 tot 4.1% in 2008 verlangsaam.

- Alhoewel stadiger ekonomiese groei orals verwag word, word terselfdertyd gevrees dat inflasie in die groot nywerheidslande versnel en teen die tweede helfte van die jaar veral in die VSA 'n ernstige probleem kan wees. Die fokus van die VSA sentrale bank is egter tans op die verswakking van ekonomiese groei, terwyl die Europese Sentrale Bank fokus op die inflasiekoers wat reeds op 3.2% staan. Die Britse sentrale bank is eweneens bekommerd oor die inflasiekoers wat ook vanjaar sowat 3% kan haal. In Japan bly die inflasiekoers goed onder beheer en het wel in die afgelope paar maande positief geword. In China poog die owerhede ook om ekonomiese oorverhitting af te koel nadat inflasie tot 7.1% gestyg het wat die hoogste vlak die afgelope 11 jaar is.
- Korttermynrentekoerse sal na verwagting in die VSA op die 18de Maart verder vanaf die huidige 3% daal. In die VK word verwag dat hierdie rentekoers voor die middel van die jaar verder verlaag sal word van die huidige 5.25%. Die ESB sal rentekoerse tot minstens die middel van die jaar stabiel hou voordat daar enigsins aan 'n verlaging van hierdie koerse in die tweede helfte van die jaar gedink sal word. Japane koerse sal vir die res van die jaar en tot in 2009 stabiel bly op 0.5%. In China word verder rentekoerstygings in 2008 verwag om te poog om die ekonomie af te koel.
- Langtermynrentekoerse is in die meeste groot nywerheidslande steeds aan die daal soos meer fondse die veiligheid van hierdie beleggings soek terwyl algemene finansiële markte onstabiel is. Hoër inflasie kan egter hierdie koerse teen die middel van die jaar laat styg.
- Algemene kommoditeitspryse (myn- en landboukommoditeite) hou aan met styg. Die verwagting is dat die vraag vir kommoditeite in China en Indië steeds hoog sal bly wat hierdie pryse in die res van die jaar verder sal ondersteun. Terselfdertyd is daar groot hoeveelhede spekulatiewe en ander beleggingsfondse wat 'n heenkome in hierdie markte soek, terwyl aandelebeurse onstabiel bly en vrese vir inflasie steeds op die voorgrond is. Die voortgesette styging van hierdie pryse bied tans baie goeie opbrengste, maar die voortdurende baie skerp styging van hierdie pryse maak my wel onrustig.
- Die goudprys sit ook sy skerp styging voort. Die RSA lewer tans net sowat 10% van die wêreld se produksie en die elektrisiteitsprobleme het dus 'n mindere invloed op hierdie prys as op die

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV



KRUGER
Internasionaal

Die Aftree- & Belegging-spesialiste

platinumprys waarvan sowat 80% van die wêreldproduksie deur ons gelewer word. Hierdie prys word veral deur spekulatiewe fondse beïnvloed.

- Die olieprys word tans veral ondersteun deur die verwagting dat die vraag na brandstof in veral die Verre-Ooste hoog gaan bly. Terselfdertyd het die OPUL lande wat sowat 40% van die wêreldproduksie lewer aangedui dat hulle nie hul produksie sal verhoog in 'n poging om pryse te stabiliseer of te verlaag nie. Hul waarneming is dat dit veral die invloed van spekulatiewe fondse is wat die prys op die huidige vlak van meer as \$100/vat hou. OPUL se volgende geskeduleerde vergadering is eers in September. Tans is die verwagting dat die dollar olieprys na \$110 op pad is en dat die gemiddelde vir die jaar meer as \$90/vat sal wees.

Plaaslik

- Die plaaslike ekonomiese groei koers word benadeel deur die gebrek aan elektrisiteit – hetsy dit nou die lewering aan die mynbou-, die konstruksie- of aan watter sektor ook al beperk! Private verbruik word geknel deur die stygende pryse van produkte, die voortgesette invloed van die kredietwet asook stygende rentekoerse. Daarteenoor word private verbruik gestimuleer deur die verdere vraag na kundigheid en die toename in welsynsbetalings van die regering. Totale besteding in die land word verder gestimuleer deur die voorgenome besteding van sowat R750 miljard in die volgende vyf jaar. Kredietverlening asook die geldvoorraad wat steeds met meer as 20% jaar-op-jaar toeneem, dui daarop dat daar steeds te veel likiditeit in die stelsel is.
- Die voortgesette oormatige besteding in die land teenoor die produksievermoë, lei tot verdere toenames in die tekort op die handels- en lopenderekings van die betalingsbalans. Die tekort op die lopenderekening vergroot verder weens die toename in die tekort op die diensterekening omdat meer dividende en rente aan internasionale beleggers betaal moet word. Tesame met die verstraming van internasionale kredietmarkte, word die finansiering van die tekort op die lopenderekening 'n al hoe groter risiko. Hierdie risiko moet deur die sentrale bank in ag geneem word by die vasstelling van die monetêre beleid.
- Die inflasiekoers is tans nie onder beheer nie. Die aanduiding is dat voedsel- en energiepryse in die res van die jaar verder kan styg, dat die druk om hoër lone en salarisse sal toeneem en dat menige belastingverhogings inflasie verder sal laat styg. Intussen dra die verswakkende rand ook sy deel by tot die risiko dat inflasie gemeet volgens die vpi-x indeks eerder 10% as 6% sal wees in die tweede helfte van die jaar – asook in die volgende vyf jaar weens die voorgenome groot besteding deur die openbare sektor.

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV



KRUGER

Internasionaal

Die Aftree- & Belegging-spesialiste

- Alhoewel die sentrale regering se begroting onder beheer bly, dra dit nie by om of inflasie of die betalingsbalans onder beheer te kry nie. Die indruk word steeds by my gelaat dat welsynsdiens eerder as die bevordering van die produksiesektore van die ekonomie die grootste gewig dra. Sodoende sal ons probleme natuurlik eerder verdiep as opgelos word.
- Die grootste knelpunt vir verdere groei van die ekonomie in komende jare word steeds in die menslike hulpbronne en die opleiding van mense gesien. Die gebrek aan voldoende opgeleide persone plaas 'n plafon op potensiële toekomstige groei met al die negatiewe implikasies vir werkskepping en armoedeverligting. Gegewe die huidige tekort aan opgeleide persone beperk dit die vermoë om enige agterstande in die onderhoud van die bestaande infrastruktuur weer in te haal of te verbeter.
- Weens die inflasietendense en betalingsbalansprobleem, het die sentrale bank eintlik geen ander keuse as om rentekoerse in die loop van die jaar verder te verhoog nie – veral indien hy sy geloofwaardigheid ook by buitelandse beleggers wil behou.
- Langtermynrentekoerse behoort ook in die loop van die jaar verder te styg weens die verwagte verdere styging van die inflasiekoerse en die groot vraag na finansiering wat vanuit die openbare sektor na vore behoort te kom in komende jare.
- Weens die stygende inflasiekoerse en die verswakking van die betalingsbalans is die aanduiding dat die rand verder teenoor ander geldeenhede sal verswak. Die een uitsondering behoort egter die Zimbabwe dollar te wees.

Beleggingsomgewing

- Die internasionale markte, hetsy finansiële of kommoditeite sal vir geruime tyd steeds onstabiel wees. Sommige kommentators verwag dat die totale slegte skulde wat gehanteer moet word sowat \$600 miljard is waarvan daar tans net meer as \$180 miljard afgeskryf is.
- Tydens hierdie onstabielheid sal beleggers en spekulante steeds die dollar verkoop, en kommoditeite en staatseffekte koop. Aandelebeurse sal onstabiel wees omdat daar gevrees word dat enige verswakking van ekonomiese groei maatskappye se winste en dividende wat uitbetaal word, sal benadeel.
- Die huidige sterk vlak van die euro kan egter ekonomiese groei in Euroland mettertyd ernstig knel, terwyl die stimulerende beleid van die VSA tot beter groei in die langer termyn sal lei. Hierdie groei word ook gestimuleer deur die verswakking van die dollar wat uitvoere ondersteun.

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV



KRUGER
Internasionaal

Die Aftree- & Belegging-spesialiste

- Die dollar kan dus reeds so vroeg as in die tweede helfte van 2008 ondersteuning kry van sterker as verwagte VSA ekonomiese groei. Dit kan 'n negatiewe impak op kommoditeitspryse in die algemeen hê, tewel Amerikaanse aandelebeurse ondersteuning kan kry.
- Plaaslik word verwag dat ekonomiese groei in die algemeen ondersteuning van die openbare sektor se bestedingsprogramme in minstens die volgende vyf jaar sal kry.
- Weens die verwagte hoër inflasiekoers verwag ek hoër plaaslike kort- sowel as langtermynrentekoerse in die volgende jaar.
- Die aanduiding is dat die rand ook verder teenoor die groot nywerheidslande se geldeenhede sal verswak.
- Die plaaslike aandelebeurs sal beïnvloed word deur die skommelings van die internasionale markte. Gegewe die plaaslike tendense behoort beleggers versigtige internasionale diversifikasie van beleggings te oorweeg.
- Plaaslike beleggers sal in komende maande en jare baie wyer as landsgrense moet dink.

Ulrich Joubert

8 Maart 2008

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV



KRUGER
Internasionaal

Die Aftree- & Belegging-spesialiste

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122
Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV